

# HOOFSTUK 1.

## INLEIDING.

### 1.a. Inleidend.

Die moontlikhede van 'n onderwysstelsel van enige gemeenskap hang grootliks af van die hoeveelheid geld wat daarvoor beskikbaar gestel word. Gebrek aan finansies is dan ook die grootste enkele remmende faktor in die weg van vooruitgang en ontwikkeling van die onderwys en opvoeding, en telkens noodsaak gebrek aan voldoende geld die onvermydelike ontbering van sommige noodsaaklikhede, wat die opvoeding en onderwys nadelig tref. Voortdurend moet daar dus ag geslaan word op die bedrag geld wat wel vir dié doel beskikbaar is.

### b. Doelstelling.

Die doel van hierdie studie is om na te gaan hoe die eerste onderwyspogings in die Transvaal gefinansier is en hoe dit mettertyd verandering ondergaan het; om vas te stel aan watter gebreke hierdie pogings mank gegaan het; wat gedoen is om die algemene peil van die onderwys te verhoog dog om tegelykertyd ook die uitgawes daaraan verbonde so laag moontlik te hou; hoe die finansiële verpligtinge vir die onderwys deur die ouer en die staat gedra moes word; om die verskillende pogings wat aangewend is om die toestand, wat die finansies betref, te verbeter, na te gaan en krities te ontleed; om vas te stel hoedanig die onderwysontwikkeling tred gehou het en uitgebrei het in verhouding tot die publieke en private gelde wat daaraan bestee is; om elke poging te ontleed om daaruit vas te stel watter beginsel van finansiering van die onderwys die onderwys en die opvoeding binne die bereik plaas van die grootste deel van die landse kinders, gebaseer op gesonde opvoedkundige beginsels en sonder groot ekonomiese verkwisting.

Die doel is dus nie om na te gaan presies watter bedrae van tyd tot tyd aan die verskillende afdelings van die onderwys bestee is nie maar om die algemene neigings van die uitgawes aan te toon en om sover moontlik te probeer vasstel waarom daardie neigings vertoon is.

c. Metode van ondersoek.

Die metode van navorsing wat in hierdie studie gebruik word, is hoofsaaklik die histories-kritiese, aangesien die finansiering van die onderwys noodwendig gesien moet word teen die geskiedkundige agtergrond, want dit bepaal die behoeftes van die volk en derhalwe ook die aard van die onderwyswetgewing. Die bepalings van die onderwyswette moes telkens gewysig word om rekening te hou met en aan te pas by die besondere behoeftes en omstandighede van die volk. Elke groot gebeurtenis, soos die anneksasie van die Zuid-Afrikaanse Republiek en die Jameson-inval, sou radikale veranderings in die onderwysbeleid meebring, en daarom moet alle gegewens gesien word in die lig en as uitvloeisel van die landsgebeure.

d. Die beginsel van finansiering van die onderwys deur die huis, die staat en die kerk.

(1) Die skool.

In die moderne samelewing is daar feitlik geen ander instelling wat soveel die aandag en die belangstelling het van die grootmens en van kind as die skool nie <sup>1</sup>). Die hele moderne gemeenskapslewe is op die skool ingestel. Die skoolgaande jeug reël as 't ware die daaglikse lewe van die ouers en dus van die grootste deel van die gemeenskap; met ander woorde die sakeondernemings, volwassenes se vakansies e.d.m. pas aan by die skoolkwartale en -vakansies.

Die primêre opvoedingsinstelling is die gesin onder die hoofskap van die vader. In 'n primitiewe gemeenskapslewe voldoen die gesinsopvoeding aan alle vereistes van 'n algemene praktiese opvoeding, maar sodra die menslike lewe in sy maatskaplike en ekonomiese struktuur meer ingewikkeld raak, is die ouers as die natuurlike opvoeders van die kind nie meer in staat om die hele opvoedingstaak na behore te verrig nie, en dan word 'n deel van hulle taak aan andere oorgegedra. Die onderwysers as beroepsopvoeders word dan die plaasvervangers van die ouers. In die skool word die kinders van verskillende gesinne opgevoed, sodat die skool dus eintlik 'n instelling is wat uit die

---

1. Koers in die Krisis, deel 1, 323 e.v.

tekortkominge van die gesin ontstaan het. In sy oorsprong, wese en doel is die skool dus op die huis aangewys<sup>1</sup>).

Skoolgaan is in die moderne tyd in byna alle Westerse lande van die wêreld verpligtend tussen sekere leeftydsgrense en staan dus in die middelpunt van die belangstelling van owerheid en onderdaan. Die owerheid maak die besoek van skole verpligtend vir alle kinders tussen sekere leeftydsgrense en dring daardeur die skool op aan die aktiewe aandag van ouer en kind.

Die skool is 'n kunsmatige instelling wat dien as brug of oorgang van die huislike na die maatskaplike lewe, en sy enigste roeping is opvoeding. Die skool werk in die besonder opvoedend omdat dit altyd sy onderwys aan groepe kinders gee. Op skool kom die kind te staan teenoor ander kinders, met wie hy saam moet lewe en saam moet werk. Waar die kind tuis meestal beskerm en gedurig gelei en aan bande gelê word, kom hy in die skool vryer te staan teenoor sy eie moeilikhede, omdat die onderwyser nie al sy aandag aan hom alleen kan gee nie, en juis hierdie verskynsel dat hy sy moeilikhede selfstandiger moet aanpak, werk vormend in op sy eie ontwikkeling.

Deur die aanwesigheid van baie kinders eis die skool eenheid van handeling, gehoorsaamheid en samewerking, waarvoor 'n gesag met sy ordelikheid en sy vaste reëls nodig is wat 'n kragtige vormende invloed op die kind uitoefen<sup>2</sup>).

Uit sy oorsprong blyk dit dus dat die skool begin word en opgerig is deur die ouers wat self nie die tyd of bekwaamheid vir die opvoedingstaak het nie maar wat tog die behoefte aan 'n skool vir hulle kinders voel. Met verloop van tyd het ander magte ook oorgegaan tot die stigting van skole, naamlik die kerk en die staat.

By 'n ongevestigde en rondtrekkende gemeenskap, waarin die gesinne nog ver uitmekaar woon en die woeste natuur eers in 'n mate aan hulle onderwerp moet word, daar kan die skool nie dadelik 'n belangrike rol speel nie en word dit deur die huis vervang, maar na-

---

1. Coetzee: Inleiding tot die Algemene Praktiese Opvoedkunde, 33.

2. Koers in die Krisis, deel 1, 323-4,

mate die mens hom vestig, neem die moontlikhede vir die oprigting van die skool as opvoedingsinrigting toe.

(2) Die skool en die huis.

Die huis gee aan die skool die kinders wat onderrig en opgevoed moet word, en dit bepaal die innige verband tussen huis en skool. Die huis gee die kind sy eerste opvoeding, om dan later aan die skool oorhandig te word vir verdere aandag en opvoeding. Die huis is die eerste, natuurlike en oorspronklike „skool” vir die kind; dit is 'n ideale skool omdat daarin die regte intieme verhouding tussen kind en opvoeder is; omdat daarin die innige belangstelling en liefde tussen kind en ouer bestaan: by die ouer is die aangebore, van God gegewe drang na die versorging en voorbereiding van sy kind vir die lewe.

Namate die kinders ouer word, word die ouers deur allerlei omstandighede al meer en meer onbekwaam om aan hulle die nodige aandag en versorging te gee, en dan roep hulle die hulp van die skool in, 'n instelling waarin aan groepe kinders met dieselfde behoeftes en uit verskillende gesinne afkomstig gelyktydig die nodige aandag en versorging in die vorm van skoolonderwys gegee word. Hiermee neem die onderwysers 'n deel van die taak van die ouers in verband met die onderwys en opvoeding van hulle kinders oor. Die huis dra 'n deel van sy taak aan die skool oor maar gee daarmee nie sy reg van toesig en verantwoordelikheid prys nie.

Die skool is 'n instelling waarin 'n deel van die gesinstaak oorgeneem en volbring word, maar dit is ook 'n selfstandige, onafhanklike, eiesoortige inrigting omdat dit geen ander taak het as onderwys en opvoeding nie, en in die uitvoering van sy taak moet dit 'n sekere selfstandigheid en onafhanklikheid besit, anders kan dit nie bestaan nie en het dit ook geen reg van bestaan nie. Omdat die skool 'n aanvulling van die huis is en moet voortbou op die fondament wat tuis gelê is, is dit noodsaaklik dat hulle innig met mekaar in verband en saamewerking moet staan. Die skool moet dus aansluit by die huis en daarop voortbou en daarmee gedurig rekening hou, en dit veral ten opsigte van die sedelik-godsdienstige vorming en ontwikkeling van die kind.

Die huis moet egter die plek en die reg van die skool erken, aanvaar en eerbiedig. Die skool is eindelik nie net 'n aanvulling van die huis nie: dit berei die kind ook voor vir die maatskaplike lewe<sup>1</sup>).

↓

(3) Die skool en die kerk.

In die kerk is saamgevoeg mense van gelyke oortuigings, sowel kinders as grootmense, en die kerk is die gemeenskap van die gelowiges. Hierdie kinders van gelowiges word deur die staat verplig om die skool by te woon om onderrig in die gewone kundighede en vaardighede te ontvang. Hierin lê die verband tussen die kerk en die skool, want die kerk behou prinsipieel die reg van medeseggenskap in die wêreldlike onderwys en opvoeding van sy jeugdige lidmate.

Dit is die taak van die kerk om toesig te hou oor die lewe, leer en wandel van sy lidmate; die kerk moet toesien dat sy jeug onderwys en opgevoed word in die gees van die doopbelofte deur die ouers voor God en die gemeente afgelê. Hierdie reg geld nie net wat die godsdiensonderwys op die skool betref nie, maar ook wat die gees van die hele onderwys betref, want die godsdiensonderwys, losgemaak van die res van die verstandelike en sedelike vorming, het nie sy volle opvoedende betekenis vir die kind nie.

Die skoolopvoeding in sy geheel moet uitgaan van die lewensbeskouing van die ouers en dus ook van die kerk waaraan hulle behoort. Die toesig wat die kerk oor die skoolopvoeding het, is dus 'n saak van die tug van die kerk op die ouers, die onderwysers en die kinders as lidmate van sy kerk. In die opsig is die kerk se taak om die ouers voor te lig en op te voed tot die regte besef van hulle verantwoordelikheid en hulle regte ten opsigte van die skoolopvoeding van hulle kinders. Die kerk het ook belang by die skool daarin dat dit van sy lidmate allerlei kundighede en vaardighede eis wat die skool alleen kan gee, soos vaardigheid in lees en skryf, want met ongeleerde mense kan geen kerk groei en bloei nie.

Hoewel die kerk en die skool innig aan mekaar verbonde is,

---

1. Koers in die Krisis, deel 1, 325-6.

moet ons tog baie duidelik die wesensgrense tussen die twee handhaaf, want dit is twee selfstandige instellings wat uit die aard van die saak geen oorspronklike verband het nie. Waar die kerk opgekom het uit die besondere genade en 'n bepaalde roeping het, kom die skool uit die gesinslewe op as aanvulling daarvan, met 'n meer maatskaplike karakter as die kerk. Die kerk het 'n eng godsdienstige doel; die skool voed die kind op vir die volle lewe. Tussen kerk en skool is daar dus 'n duidelike grens: „Albei is selfstandige instellings. Die kerk staan as gemeenskap van die gelowiges wel hoër as die skool maar daarom nie bo die skool nie. Dit mag ook nie oor die skool heerskappy voer nie. Kerk en skool moet soewerein bly in eie kring“<sup>1</sup>).

#### (4) Die skool en die staat.

Die skoolopvoeding is noodsaaklik nie alleen vir die voortbestaan van die individu in die moderne gemeenskap nie maar ook vir die voortbestaan van die gemeenskap self, en daarom is dit die taak van die staat om toe te sien dat die jeug van die volk opgevoed word deur middel van die skool. Hierin lê die verband tussen die skool en die staat.

Uit sy wese as inrigting van gesag moet die staat sorg vir die handhawing en beveiliging van volkseenheid, vir die besieling van die opkomende geslag met die heldegees van die vaderlandse geskiedenis, vir die handhawing van die eenheid van die landstaal of -tale oor die hele land, vir die peil van die volksontwikkeling. Die staat dra hierdie take op aan die skool as opvoedingsinstelling, want die staat self is nie geroepe om onderwys te gee of daarvoor te sorg nie, hoewel dit 'n sekere mate van opvoeding kan eis. Die plig van die opvoeding is deur God aan die huis opgelê, en daarom is die huis in die eerste plek aangewys om vir die onderwys van die kinders te sorg. Prinsipieel be- rus die oprigting en instandhouding van die skole by die ouers, en die onderwys behoort nie tot die terrein van die staat nie.

Die staat moet aan alle burgers, onverskillig van wat hulle

---

1. Koers in die Krisis, deel 1, 327.

godsdienstige oortuiginge ook al mag wees, gelyke regte vir skoolopvoeding gee. Dit moet ook by die skoolopvoeding die regsverhoudinge van die ouer, bestuur, onderwysers en kinders vasstel, dit moet toesien dat al die burgers die nodige peil van ontwikkeling sal behaal deur by voorbeeld skoolbesoek tussen sekere ouderdomsgrense verpligtend te maak. Dit moet toesien dat die peil van die skoolopvoeding behoorlik, voldoende en goed is; moet waak teen leringe op skool wat strydig is met die veiligheid van die staat en moet optree as versorger met betrekking tot die opvoeding van kinders wie se ouers te arm of dood is. Die staat moet daarom ook die grootste deel van die geldelike las van die onderwys dra, omdat dit sekere eise stel waaraan die opvoeding en onderwys in die landsbelang moet voldoen.

(5) Finansiële verhoudinge.

Prinsipiëel berus die oprigting en instandhouding van skole by die ouers, wie se Godgegewe taak en plig dit is om vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders voorsiening te maak. Waar die huis 'n deel van sy taak aan die skool oordra maar daardeur nog nie sy reg van toesig en verantwoordelikheid prysgee nie, moet hy betaal vir die plaasvervanger wat sy werk doen. Om dié rede moet elke ouer bydra tot die opvoeding van sy kind, hetsy deur middel van direkte skoolgeld, belasting of andersins.

Waar die kerk direkte seggenskap in die onderwysaangeleenthede wil hê, moet hy ook bereid wees om die finansiële verantwoordelikheid daarvan te aanvaar. Waar die kerk egter indirek invloed op die onderwys uitoefen deur middel van voorligting van die ouers, die onderwysers en die kinders as lidmate van die kerk, word daar geen geldelike bydrae van die kerk aan die onderwys as sodanig verlang nie.

Op prinsipiële en historiese gronde kan die staat nie uit die skool geweerd word nie maar het dit kragtens sy oorsprong en wese 'n reg van medeseggenskap in die skoolopvoeding, want die onderwys en opvoeding is en bly 'n voorwerp van voortdurende sorg van die staat. Sy eie mag en voortbestaan hang ten nouste saam met die bestaan en

voortbestaan van deeglike en behoorlike skoolopvoeding.

Die staat moet die grootste deel van die geldelike las van die skoolopvoeding dra, omdat dit sekere eise stel aan die skoolopvoeding, soos byvoorbeeld eise wat betref die peil en gehalte van die onderrig, die skoolgeboue, salarisse en diensvoorwaardes van die onderwysers, maar ook omdat al die individuele ouers nie daartoe in staat is nie. Die staat is ook die enigste mag om die nodige geld van die volk te verkry.

Die kind behoort aan die ouer, en die ouer is verantwoordelik vir sy onderwys en opvoeding. Waar hy self nie dié werk doen nie maar dit aan die skool as sy plaasvervanger opdra, moet hy geldelik daartoe bydra, anders ontduik hy sy plig en verantwoordelikheid en plaas dit op die skouers van ander. Die ouer gee egter nie daarmee sy reg van toesig en verantwoordelikheid prys nie. Oorspronklik het die ouers self die skole opgerig en beheer. Mettertyd het die staat meer en meer seggenskap oor die skool verkry en daarmee die grootste deel van die uitgawes aan onderwys en opvoeding vir sy rekening geneem; gelyktydig het die staat daarmee ook die grootste deel van die beheer van die onderwys oorgeneem. Die ouers se belange word deur plaaslike besture soos skoolkommissies beheer. Dié is egter weer ondergeskik aan die sentrale beheer van die staat.

In hierdie studie sal die rol wat elkeen van hierdie instellings in die opvoeding en die onderwys van die Transvaalse jeug gespeel het, ontleed word, en daar sal aangetoon word hoe die aanvanklike huisonderwys geleidelik moes plek maak vir skoolonderwys waar die finansiële las daarvan hoofsaaklik op die skouers van die ouers gerus het. Geleidelik het die staat deur wetgewing en die daarstelling van geldelike hulp in die vorm van subsidiestelsels die onderwys en opvoeding al meer probeer beheer totdat dit later amper op volkome staatsonderwys sou uitloop — 'n stelsel waarin daar altyd die tweestroommeiging bestaan tussen die staat aan die een kant, wat noodwendig altyd moet waak teen onnodige verkwisting van staatsgeld en op besuiniging moet aandring, teenoor die ouers as belastingbetalers aan die ander kant,



wat steeds maar alte graag meer geld vir die onderwys wil hê.

Geld vir die onderwys en opvoeding is aanvanklik hoofsaaklik bestee aan vergoeding aan onderwysers, leermiddele, eenvoudige meubels en in 'n geringe mate ook aan geboue. Dit is insiggewend om na te gaan hoeveel geld aan elk van hierdie afdelings bestee is en hoe die geldelike uitgawes van hierdie afdelings en per kind met die loop van jare toegeneem het in verhouding tot die verhoogde peil van onderwys. Sover die beskikbare bronne met die karige gegewens dit toelaat, sal steeds aangetoon word wat die geldelike bydrae van sowel die ouer as die staat tot die opvoeding en die onderwys van die jeug was.

e. Gebrek aan gegewens.

Hoewel die pioniers in die Transvaal meer geïnteresseerd was in goeie weiding en volop water vir hulle vee as in ander sake van stoflike aard, het hulle nietemin intens belang gestel in en was hulle besonder gesteld op hulle godsdiens en die opvoeding en onderwys van hulle kinders, veral in laasgenoemdes as voorbereiding vir die „belydenis van die geloof“ en die lees van die Bybel. Die regerings wat ingestel is, het nie 'n omvattende taak of program gehad nie: hulle taak was eenvoudig, en dit is eers na etlike jare van verblyf in die nuwe geweste dat daar begin is om aandag te bestee aan verslae van landsake, en nog later het die regering eers begin aandag skenk aan sake soos begrotings vir en verslae oor die besteding van publieke geld. Om hierdie en ander redes, waarop later vollediger ingegaan sal word, is dit begryplik dat inligting met betrekking tot onderwys besonder skaars is. Die bestaande bronne bevat baie min informasie oor die onderwys in sy geheel maar nog veel minder oor die geldelike sy van die saak. Namate daar meer stabiliteit in die landsregering gekom het, het daar ook verbetering ingetree in die verslae wat gehou is.

2. Algemene toestande in Transvaal gedurende die eerste jare na die aankoms van die Voortrekkers tot 1859.

Voordat 'n aanvang gemaak kan word met die bestudering van die werklike finansiering van die onderwys in Transvaal, is dit essensieel om kortliks te let op die algemene toestande wat daar geheers het

gedurende die eerste jare nadat die Trekkers hulle in die gebied noord van die Vaalrivier begin vestig het. So 'n agtergrondsiening is noodsaaklik vir die korrekte interpretasie van die onderwys van daardie tyd.

a. Godsdienst en die onderwys.

Die opvoeding wat die Voortrekkers hulle kinders gegee het, was 'n voorbereiding vir die eise van die lewe: eerstens moes die Trekkerkind leer om te voldoen aan die veeleisende, harde Trekkerlewe, en tweedens moes hy leer om te voldoen aan die eise van die lewe hiernamaals; dus voorbereiding vir die tydelike en die ewige lewe, vir lewe en sterwe. Die erns van die Voortrekkeropvoeding is geleë in die mees fundamentele lewensvraag: „Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe?“<sup>1)</sup> In die antwoord daarop vind ons die Voortrekkers se godsdienstige belydenis, naamlik: „Dat ek met liggaam en siel, in lewe en sterwe, nie aan myself nie, maar aan my getroue Saligmaker Jesus Christus toebehoort, wat met Sy dierbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos het en my so bewaar dat sonder die wil van my Hemelse Vader geen haar van my hoof kan val nie, ja, ook, dat alles vir my tot my saligheid moet dien; daarom verseker Hy my deur Sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe“<sup>2)</sup>.

Hierdie godsdienstige belydenis van die Voortrekkers en hulle onwrikbare geloof in hulle God en Leidsman<sup>3)</sup> het hulle te midde van sware beproewinge en ontberinge in hulle nuwe tuiste steeds bygestaan en onderskraag en daarin wortel die opvoeding van hulle kinders.

- 
1. Die Heidelbergse Kategismus of onderwysing in die Christelike leer, Vraag 1.
  2. Antwoord op vraag 1 van die Heidelbergse Kategismus. Ek onderstreep.
  3. Heidelberse Kategismus: Twaalf Artikels, waarin die algemene ongetwyfelde geloof saamgevat is, beginnende met die woorde: „Ek glo in God, die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde...“

Die opvoeding van die Trekkerkind kon dus niks anders as 'n essensieel-godsdienstige opvoeding gewees het nie. Waar elke kind bedags voorberei is vir die eise van die praktiese lewe, is hy soggens, saans en Sondae voorberei vir die ewige lewe as kind van God. Die opvoeding van die kind was dan eintlik 'n godsdienstige, want die doel van die opvoeding was om die kind te bring tot die selfstandige lees van die Bybel en tot die belydenis van die geloof. Hierdie kenmerkende, voorbeeldige, diepe godsdienssin by die Voortrekkers het elke ouer daarna laat strewe om sy kind die nodige onderwys te gee om as volwaardige lidmaat van die kerk toegelaat te word en daarna ook sy plek as burger van die staat in te neem. Daarom kan Spoelstra dan ook met reg beweer dat die aanneming geword het die admisie tot beide kerk en staat<sup>1</sup>), en ook Hoogenhout beklemtoon dié feit waar hy sê: „.....want zonder lezen en schrijven kon men moeilijk lidmaat van de kerk worden“<sup>2</sup>).

In daardie tyd, toe die daaglikse lewe self geen of min skoolonderwys geverg het, het die skoolonderwys dan hoofsaaklik beoog om kinders te bring tot die aflegging van die geloofsbelydenis. Die „weigering van wege de kerk om personen, die niet lezen of schrijven konden tot het lidmaatschap toe te laten, heeft de Afrikanen van anal-fabetisme gered“<sup>3</sup>).

#### b. Die skoolontwikkeling van die Trekkers.

Die lewe van die oosgrensbewoners van die Kaap voordat die Groot Trek begin het, was rusteloos, en voortdurend moes hulle voorbereid wees op die moord- en rooftogte wat die kaffers in hulle gebied onderneem het. Dit was ook die geval gedurende die eerste jare van die Trekkers in die Transvaal. Die kinders het nie veel geleentheid vir skoolgaan gehad nie dog kon nietemin almal nagenoeg

---

1. Spoelstra: Het kerkelijk en godsdienstig leven der Boeren.

2. N.M.Hoogenhout in V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 44.

3. Ibid.

lees en skryf, al was dit dan ook maar tydsaam en gebrekkig <sup>1</sup>).

Die Trekkers het hierdie leemte probeer aanvul deur onderwysers en predikante na die Transvaal te kry so gou as hulle kon <sup>2</sup>). Hulle het ook op die trek reeds 7 of 8 onderwysers gehad, wat egter veels te min was om in hulle behoeftes te voorsien <sup>3</sup>). Die Trekkers, wat self betreklik ongeleerd was maar tog nie analfabete nie, het dus nie die onderwys van hulle kinders verwaarloos nie maar het steeds geprobeer om hulle minstens 'n paar maande of 'n paar jaar onderwys te laat geniet.

By die Boereleiers was daar gedurende die beginjare die gesonde maar onontwikkelde intellek aanwesig en „indien ons tot objektiwiteit in staat is, moet ons die bewering as waar aanvaar dat die gebrek aan ontwikkeling en die ruime mate van onkunde wat bestaan het, die owerheid in 'n groot mate onbevoeg gemaak het om te regeer. 'n Staatsman en volksleier het behalwe 'n gesonde, normaal ontwikkelde intellek, skoling, vorming en oefening van sy geestelike vermoëns nodig. Daarby word sy waarde as staatsman verhoog na die mate wat hy rypheid deur ervaring verkry“ <sup>4</sup>). Wat hulle taak des te moeiliker gemaak het, was dat 'n nuwe staatsorganisasie van die grond af opgebou moes word, terwyl dit die leiers beide aan kennis en ervaring ontbreek het. Om die rede het verskeie persone wat as Volksraadslede verkies is, hulle onbekwaam geag vir die verantwoordelike pos vanweë hulle ongeleerdheid en het daarom die poste bedank soos byvoorbeeld J. P. D. Delpont in 1857 <sup>5</sup>).

Dit is duidelik dat die manne ten minste eerlik en opreg was teenoor die staatsbelange van die land wat hulle bewoon het, en hulle wou dan ook graag die regering toevertrou aan bekwame en verstan-

- 
1. L.K.1292: Een woord tot aanmoediging voor Landverhuizers. Ds.D.van der Hoff skryf: „Ieder een die ordentelyk lezen en schrijven en rekenen kan tot de regel van drieën toe, wordt hier een geleerde kerel genoemd, en kan en mag zich gerust voor schoolmeester uitgewen.“
  2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, ll.
  3. Ibid.
  4. Pelzer: Wordingsjare, 79 - 80.
  5. R.1679/57: J.P.D.Delpont aan M.W.Pretorius, Klerksdorp, 16 Aug.1857: Delpont versoek Pretorius om hom te onthef as Volksraadslid omdat „... ik onbekwaam is daarvoor want ik zou nei kan deink dat een babijaan aan tavel kan zeit te eeten met een meis in veurk hoe of het zal leiken mejn W.Ed.heeren het is een zaak van ge weig om raats leit te zein daar gein babijaan ge breuk worden ik weil hoop dat on si staat nog vor der maar nei dat hei te reug gaan door zeulke dom me meinschen als dat ik been.“

delik begaafde manne. Om hierdie rede wou hulle dan ook later die so-genaamde „slim“ Burgers as president van die Z.A.R. hê nadat Pretorius se behartiging van die Transvaalse diamantkwessie ten tyde van die Keate-verhoor deur sommiges toegeskrywe is aan sy „domheid.“ Dit is aan hierdie opregte gesindheid teenoor die staat te danke dat die Raadslede dikwels besluite geneem het met 'n meer positiewe strekking en met verreikender gevolge as wat mens van hulle betreklike onontwikkeldheid sou verwag.

c. Ekonomiese toestand van die land.

(1) Ylbewoonde gebied.

Oor die hele uitgestrekte gebied van die Transvaal van oor die honderdduisend vierkante myl het daar teen 1851 'n klein bevolking gewoon<sup>1</sup>), 'n volk van veeboere wat 'n herderlike, eenvoudige lewe geleid het. Deur die jare het die bevolking geleidelik aangegroei namate nuwe intrekkers hulle in Transvaal gevestig het. In hierdie gemeenskap was geld skaars, en sake is meestal gedoen in die vorm van ruilhandel. Die geldeenheid was die riksdalder<sup>2</sup>), maar die enigste gangbare munt het bestaan uit Engelse geld, wat egter gedurig die neiging gehad het om terug te filtreer na Engelse kolonies vanwaar dit oorspronklik gekom het. Die behoeftes van die klein bevolking was maar gering en winkels en sakeinstellings het baie langzaam ontwikkel, sodat die staat betreklik maklik sonder geld kon klaarkom.

---

1. Dit is besonder moeilik om vas te stel wat die Transvaalse bevolking voor die negentiger jare van die vorige eeu was, omdat daar voor daardie tyd geen offisiële sensusopname deur die staat gemaak is nie. Die naaste aan reg is seker die half-offisiële skatting van die Volksraad, wat die bevolking ten noorde van die 26ste graad suiderbreedte in 1848 op 1650 huisgesinne stel. (E.V.R. 104, V.R. 52/48: Volksraad aan die Bestuur van Hollandsche Maatschappij voor Handel en Reederij, d.d. Ohrigstad, 27 Julie 1848), terwyl die bevolking teen 1851, na skatting, 2,000 huisgesinne „van 2 tot 14 personeen sterk“ was (E.V.R. 235: Volksraad aan E. Schutte Hoyman, d.d. 4 Desember 1851 (Afskrif). R. 323c/51: Volksraad aan Heemskerk, Knecht en Weimar, d.d. 10 Oktober 1851).

A.J. Kerner skat die aantal burgers tussen 16 en 60 jaar oud in 1851 op 3,600 (L.K. 1197: Uittreksels uit briewe van A.J. Kerner aan familie in Nederland, 1 Februarie 1851). 'n Berig in De Zuid-Afrikaan van 12 Nov. 1855, oorgeneem uit die Mercantile Advertiser, skat die blanke bevolking in 1855 op 18,000. Daarteenoor het J. Stuart in sy boek De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Afrika, p. 211, die Transvaalse blanke bevolking in 1852 op 4,000 siele geskat.

2. 1 Rd. = 8 Schellings; 1 Schelling = 6 Stuivers; 1 Rd. = 1/6.  
Kyk Schoolgids, 1892, 21.

✓(2) Gebrekkige belangstelling in finansiële sake.

Die Voortrekker het min belang gestel in geldelike sake<sup>1</sup>); hy was by uitstek 'n politieke mens, geen ekonomiese wese nie. In geeneen van die konstitusies opgestel voor 1856 word enige voorsiening vir die finansiering van die staat gemaak nie.

(3) Geen begrotings.

Gedurende die aanvangsjare van die Republiek is aan 'n begroting nie eens gedink nie. By die deurlees van die Volksraadsnotules en die amptelike stukke van daardie tyd blyk dit dat sekere bronne van inkomste eenvoudig opsy gesit is vir die bestryding van spesiale uitgawes. Aanvanklik was elke distrik finansiëel onafhanklik. Dit is kenmerkend dat die leraar se salaris die eerste gemeenskaplike uitgawe van alle distrikte geword het. Elke distrik het sy eie skatkis gehad, sodat daar min behoefte aan 'n sentrale skatkis was.

Voor 1857 was daar geen president en geen sentrale uitvoerende mag en dus byna geen gemeenskaplike uitgawes nie. Elke distrik het sy eie kommandant-generaal gehad, wat sy eie kommando's uitgerus het. Die uitgawes vir die sittings van die Raad, die enigste konstitusionele band wat die distrikte bymekaar gehou het, is gedra deur die distrik waar die Raad ontmoet het.<sup>2</sup>).

(4) Behoeftte aan beter finansiële beheer.

Die behoefte aan die beter beheer van die finansies word in 1853 vir die eerste keer besef. 'n Lydenburgse petisie het die Raad versoek om die landskuld vas te stel, te besuinig met die vasstelling van salarisse en om 'n poging aan te wend om die skuld te vereffen. Die volgende jaar verlang die publiek dat 'n noukeurige verslag van die benodigde geld vir die instandhouding van die staat opgestel moes word. Die Raad het daarop elke landdros gelas om jaarliks sowel 'n be-

---

1. Kyk ook: Prof. S.P.Viljoen: „Die finansies van die Transvaalse Voortrekkers“, in Voortrekker-Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, 105.

2. Ibid.

raming van uitgawes vir salarisse op te stel as die bedrag wat elke inwoner behoort by te dra. Elke landdros moes hom egter tot sy eie distrik bepaal. Hierdie waarskuwing was egter onnodig, want in die volgende jaar het die meeste geen verslae ingestuur nie <sup>1</sup>).

(5) Eerste voorsiening vir begrotings.

Die konstitusie van 1856 maak vir die eerste keer voorsiening vir 'n begroting. Die staatsgeneraal moes jaarliks 'n begroting van inkomste en uitgawes van die staat en kerk by die Volksraad indien. In die grondwet van 1858 word neergelê dat alle plaaslike inkomste in die landskas gestort en alle uitgawes daaruit betaal moes word. Solank daar in die Republiek nie 'n landskas was nie, sou die skatkis in die huis van die president wees<sup>2</sup>).

(6) Gebrekkige verslae.

Daar was egter nog 'n geweldige onderskeid tussen die besef van 'n behoefte, soos neergelê in die grondwet, en die toepassing daarvan in die werklikheid. So het 'n kommissie wat in 1860 aangestel is om die finansies te ondersoek, bevind dat die „Cassa Boek“ van die staat ongereeld gehou en onvolledig was; die landdroste se boeke was „onvolmaakt“, „ongeregeld“ en „onbegrijpelijk“<sup>3</sup>).

Gedurende die volgende jare is dit onmoontlik om 'n ordentlike begroting op te stel, daar die nodige opgawes en inligtinge as gevolg van nalatigheid van die landdroste ontbreek.

✓(7) Onwilligheid om belastings te betaal.

Die gebrek aan belangstelling in finansiële sake is in die praktyk geopenbaar in die onwilligheid van die Trekkers om belasting te betaal. Vir die Voortrekker was die staat 'n vrywillige assosiasie waarvoor hy bereid was om vrywillige bydraes en dienste te verrig, maar

---

1. V.R.N., 7.6.1854.

2. Voortrekker-Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, 106.  
Kyk ook die twee grondwette van 1856 en 1858.

3. Voortrekker-Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, 107.

die noodwendigheid om verpligte betalings vir die voordele van lidmaatskap te betaal, het hy nie ingesien nie. By die staat, aan die ander kant, het die nodige dwangmiddels om belasting te in, ontbreek. Die Raad het beleefd versoek, soms selfs gesmeek en soms gedreig, maar in alle gevalle het hy ewe magteloos gebly<sup>1</sup>).

Die burgers was gekant teen enige staatsuitgawes, gedeeltelik omdat hulle arm was. By verskillende geleenthede is besware geopper teen die uitbreiding van die staatsdiens of die benoeming van nuwe amptenare. Ander weer wat die noodsaaklikheid van meer amptenare ingesien het, het telkens voorgestel dat alle amptenare, miskien met die uitsondering van landdroste en hulle klerke, onbesoldig moes bly. In ander gevalle is aan die hand gedoen dat die verskillende amptenare tevrede moes wees met die gewone opbrengste van die distrikte, soos trougeld, prosesgeld ens., net so lank as wat dit nie nodig was om nuwe belastings te hef nie<sup>2</sup>).

Nie alleen nuwe belastings nie maar ook die reeds bestaande belastings het die landsburgers gegrief. Gedurig word die regering versoek om gedurende bepaalde tye of onder sekere omstandighede geen belastings in te vorder nie. In sommige gevalle is versoek dat die beginsel van belasting heeltemal oorboord gegooi moes word en dat van onderdane geen geldelike bydraes gevorder moes word nie<sup>3</sup>). Baie het eenvoudig niks betaal nie, en dikwels het die landdroste gekla dat niemand opgedaag het om te betaal nie en dat geen dreigemente hulle kon beweeg om te betaal nie.

### ✓(8) Armoede.

Armoede en geldgebrek was 'n rede waarom sommige mense, hoe graag hulle ook al wou, eenvoudig nie aan die eise van die hoër gesag kon voldoen nie.

---

1. Voortrekker-Gedenkboek van die Universiteit van Pretoria, 107.

2. Vgl. o.a. R.575/53, R.771/55; V.R.335/53; V.R.421/55 art. 6 en 8; V.R.B. 13 Junie 1853, art.59; V.R.B. 1 Junie 1855, art. 15 en V.R.B. 10 September 1855, art.60.

3. V.R.B. 7 Junie 1954, art.56 en V.R.B. 1 Junie 1855, art.17.



Droogtes en veediefstalle deur die kaffers en verskeie soorte siektes onder die vee het ook armoede en ellende in Transvaal veroorsaak. Veral die longsiekte wat in 1855 feitlik die hele Republiek geteister het, het ontsettend baie skade onder die grootvee aangerig<sup>1</sup>).

(9) Besteding van die geld.

Die staatsuitgawes van die Transvaal was aanvanklik klein. Die landdros, as verteenwoordiger van die regering, was aanvanklik die enigste gesalarieerde amptenaar. Die meeste betrekking was ereposte. Volksraadslede is slegs 'n klein vergoeding ( drie tot vier riksdalers ) gedurende die sitting betaal. Die salarisse waarvoor die eerste begroting voorsiening gemaak het, was buitensporig hoog: rds. 5333 vir die president, 3,000 vir 'n leraar of kommandant-generaal, 2,000 vir 'n landdros. Dit was waarskynlik 'n kwessie van prestige; in elk geval is dit hoofsaaklik van die haglike <sup>7</sup>finansiële toestand van 'n aantal jare. Nie minder nie as 83% van die eerste begroting van rds. 88,366 was vir salarisse van amptenare<sup>2</sup>). Hiervan is slegs rds. 6,800 vir onderwys opsy gesit. Miskien was die entoesiasme waarmee hierdie eerste begroting vir 1861 aangepak is, die oorsaak van sy groot mislukking en die swak finansiële posisie van die land wat in die jare onmiddellik daarna gevolg het.

Onderwys is egter nog hoofsaaklik oorgelaat aan die sorg van die individuele gesinne, en slegs hier en daar, waar die bevolkingsdigtheid dit enigszins moontlik gemaak het, het skole gesorg vir die onderwys van die kinders. Hoewel die Volksraad enkele aanstellings van onderwysers gemaak het, moes die gemeentebestuur<sup>3</sup>) sorg dra vir alle onkoste aan die onderwys verbonde, vir sover die ouer nie self vir die mees elementêre onderwys van sy kinders gesorg het nie.

---

1. R.870/55. Ook S.A.Argiefstukke, no. 3, deel III: Volksraadsnotule met Bylae, 1854 - 1858, 345, Bylaag 33/1855.

2. S.A.Argiefstukke, deel IV: Volksraadsnotule met Bylae, 1859 - 1863, 356 - 358, Begroting vir 1861.

3. Die term „gemeentebestuur“ het hier slegs die plaaslike dorps- of distriksgemeenskap bedoel en het niks te doen met 'n kerklike gemeente nie.

### 3. Samevatting.

Die ouer is verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van sy kind, maar wanneer dit sover gekom het dat omstandighede hom noodsaak om van die skool as sy opvoedende plaasvervanger gebruik te maak, dan is dit sy ouerlike plig om 'n deel van die uitgawes aan die onderwys te dra. Hoe inniger die verband tussen huis en skool, hoe heilsamer is dit vir die opvoeding. Die kerk as toesighouer oor die lewe, leer en wandel van sy lidmate het as taak die voorligting en opvoeding van die ouers tot die regte besef van hulle verantwoordelikheid en regte ten opsigte van die skoolopvoeding. Omdat die staat ter wille van sy eie voortbestaan en dié van die individu sekere vereistes aan die skoolopvoeding stel, moet hy daarom ook 'n groot deel van die geldelike las daaraan verbonde, dra.

By 'n nuwe staat, soos die Transvaal was na die vestiging van die eerste inwoners, is daar natuurlik nog nie sprake van deeglike organisasie, onderwys- en staatstelsels nie en moet daar langsame vooruitgang verwag word. Die godsdienstige lewensbeskouing van die Voortrekkers het die Trekkerkinders van analfabetisme gered, omdat die opvoeding van die Trekkerkind eintlik 'n godsdienstige opvoeding was: die doel van die opvoeding was hoofsaaklik daarop gerig om die kind te bring tot die selfstandige lees van die Bybel en die belydenis van die geloof.

In die aanvangsjare was daar in die Transvaal nog geen georganiseerde staatstelsel wat die onderwys kon beheer nie, en was daar hoofsaaklik huisonderwys. Vanweë die baie veesiektes en droogtes wat ekonomiese moeilikhede in die Transvaal veroorsaak het, en as gevolg van die algemene neiging van gebrek aan belangstelling onder die burgers in die finansiële aangeleenthede van die staat was daar aanvanklik 'n groot tekort aan geld in die land, sodat die staatskas voortdurend leeg was, en daarom, onder andere, is die onderwys nie van staatsweë gefinansier nie maar is dit hoofsaaklik aan die ouers self oorgelaat om vir die opvoeding van hulle kinders te sorg.